In die reeks UV Teologiese Studies het reeds verskyn:

1. *Voorberei en Toegerus* — Prof. P.C. Potgieter
2. *Abraham Kuyper na 150 jaar* — Prof. E.P.J. Kleynhans (Red.)
3. *Stres by Predikantsvroue* — Prof. P.J. Rossouw
4. *Die bediening van die Kerk in 'n veranderende Suid-Afrika* — Prof. P.J. Rossouw (Red.)
5. *'n Visie van die bediening* — Prof. S.D. Snyman en Ds. D.F. Tolmie (Red.)
6. *Die Evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes* — Prof. J.H. Smit (Red.)
7. *Surrogaatmoederskap* — Prof. M.H.O. Kloppers (Red.)

Kan bestel word vanaf: Pro Christo-Publikasies
Posbus 19
Bloemfontein
9300

# Dordt na 375 jaar 1619-1994

**Redakteurs**
**R.M. BRITZ**
**S.A. STRAUSS**

UV teologiese studies No 8

# EIETYD EN TOENTERTYD. VYF KERNPROBLEME VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE LIG VAN DIE DORDTSE SINODE

R.M. BRITZ[1] EN S.A. STRAUSS[2]

Eintlik het ons saam daarvan bewus geword dat die Dordtse Sinode gedurende 1994 presies 375 jaar gelede ten einde geloop het. Daarvan wou ons 'n gedenkgeleentheid maak, en het sondermeer die medewerking en goedkeuring van ons kollegas in die plaaslike Teologiese Fakulteit bekom. Die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het die gedagte entoesiasties ontvang en vir die koste ingestaan.

Na die beste van ons wete sou dit die tweede keer wees dat Dordt in die geledere van die Ned. Geref. Kerk herdenk word. Op 30 Oktober 1919 het die Kaapse Sinode tyd ingeruim om na enkele toesprake oor hierdie beroemde gereformeerde sinode te luister. Dit is later as 'n boekie uitgegee met die titel *Na 300 Jaar 1619-1919*. Twee van die sprekers by daardie geleentheid (D.G. Malan en E.E. van Rooyen) het onderskeidelik die oorsake en die verloop van die vergadering behandel. Daarmee is Dordt histories omlys.

Prof. A. Moorrees wou as derde spreker weer die kerkhistoriese betekenis van Dordt belig. By 'n gedenkgeleentheid is die eietydse herdenking immers ook afgestem op die sake wat kerkhistories en teologies deurgewerk het om aan die toentertydse gebeure blywende sin te gee. Dit is altyd so. Daarmee kom die eietyd in 'n verband met die verlede en met die singewing van die verlede. Moorrees het dus veel moeite gedoen om die Dordtse "vruchten", dit wil sê, die dinge wat voortgaande op die geskiedenis van die Kerk, en daarmee met name ook op die Ned. Geref. Kerk, ingewerk het, aan te toon. Wat hom betref, lê dit in die feit dat Dordt die waarheid van die evangelie gehandhaaf het, dat daar 'n uitmuntende Bybelvertaling na vore gekom het en dat die kerk gewaak het om nie 'n handlanger van die staat te word nie. Hiermee het Moorrees aangesluit by 'n opvatting wat redelik algemeen in die gereformeerde wêreld voorgekom het.

Met die oog op die herdenking van die Sinode van Dordrecht in 1994, het ons ons deur twee oorwegings laat lei. Allereers moes die klem val op die kerkhistoriese betekenis van Dordt, op daardie sake wat vandag nog in die bediening van die Woord en die beoefening van die teologie in die Ned.

---

1. Prof. R.M. Britz, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

2. Prof. S.A. Strauss, Hoof: Departement Dogmatologie, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

Geref. Kerk van belang is. Aan die anderkant wou ons nie veralgemeen nie. Dit is uiteraard in 'n kerk waarin die naam Dordt met sy datum 1618-1619 gemeengoed is, 'n wesenlike gevaar. Veralgemening sou die gedenkgeleentheid eintlik oorbodig maak. Daarom het ons gekies vir 'n benadering waarin ons eerder die teologiese oortuigings en kerklike standpunte van ons tyd in die lig van die Dordtse Sinode aan die orde wou stel. Na ons mening het daar in Dordt beslissings geval wat met die oog op die uiteenlopende standpuntstelling en oortuigings in ons kerk hul seggenskrag behou het. Die herdenking sou dus aan 'n besondere aktualiteit wen indien ons Dordt op hierdie wyse kon betrek by die vraagstelling en problematiek van ons situasie. Op hierdie manier wou ons die eietyd by die toentertyd bring.

Ons het dus besluit om vyf kernprobleme in die Ned. Geref. Kerk te identifiseer waarop ons die lig wat by Dordt geskyn het, wou laat val. In sy kerkwees staan ten minste die eenheid van die kerk, die ondertekening van die belydenisskrifte, die Skrifbeskouing en -verklaring, die sending en die betekenis en aard van die kerkorde en kerkreg vandag in die Ned. Geref. Kerk op die voorgrond. Hieroor word verskillend gedink en nie geskroom om standpunt in te neem nie. Hierdie sake het destyds by die Sinode van Dordrecht ook te berde gekom. Daarom het ons dit gekies as temas wat by 'n 375ste gedenkgeleentheid aan die orde gestel kon word.

## DIE EENHEID VAN DIE KERK

Vir meer as 'n dekade is kerklike eenheid 'n oorheersende tema in die teologiese debatte van die Ned. Geref. Kerk. Uit die sending van die kerk het immers 'n hele familie van Ned. Geref. Kerke gegroei, wat in kultuurverband en taal verskil. Die aanvaarde beleid waarvolgens hierdie diversiteit in soveel afsonderlike kerke en kerkverbande gehuisves is, het nie almal bevredig nie. Dit het teologiese vraagstelling en beoordeling opgeroep. Die assosiasie met 'n staatkundige beleid van eiesoortige ontwikkeling het dit nog moeiliker gemaak om te verdedig. Die konteks waarin 'n nuwe politieke bedeling met geweld en teologies-kerklike regverdiging beding is, het verder daartoe bygedra dat die Ned. Geref. Kerk eens en vir altyd gedwing word om sy beleid te hersien. As 'n gawe en 'n opdrag moet gestalte aan die eenheid van die kerk gegee word, eerder as om die verskeidenheid ooglopend te demonstreer. Hoe dit gedoen moet word, is egter nie voor die hand liggend nie.

Daar word derhalwe hard aan eenheidsmodelle gewerk, waarin die natuurlike verskeidenheid ter wille van die evangelie geakkommodeer word. Die vraag is egter nog nie uitgemaak in welke mate die eenheid of die verskeidenheid op gemeentelike-, rings- en sinodale vlakke verreken moet word nie. Ander is weer oortuig dat werklike eenheid 'n eenvoudige saak is





wat slegs tot uitdrukking kan kom in 'n kerk wat van nuuts af gestruktureer is. Daarom moet ingeskakel word by die nuwe Verenigende Gereformeerde Kerk waarin die ou Ned. Geref. Kerk in Afrika en die Ned. Geref. Sendingkerk hulleself verbind het. In hierdie kerk word die Belydenis van Belhar as 'n vierde belydenisskrif onderteken. Die probleem is dat nie almal in die Ned. Geref. Kerkfamilie die Belydenis van Belhar kan onderskrywe nie. Een van hulle besware is dat die Godsbegrip van Belhar nie die Skriftuurlike openbaring van God aangaande Homself verwoord nie. Die eenheid van die kerk is dus nie net 'n strukturele of kerkregtelike aangeleentheid nie, maar staan ook in verband met die leer van die kerk, en die vraag na wat waarheid is. As hieroor nie eenstemmigheid kom nie, sal die eenheid 'n ontwykende ideaal bly. Dit is hierbenewens nie denkbeeldig dat die aandrang op eenheid, dalk selfs nòg 'n kerk kan skep nie.

By die Dordtse Sinode is die eenheid van die kerk allereers in verband met die waarheid en die leer gebring. Dit was dus vir ons belangrik om by die gedenkgeleentheid 'n tema hieraan af te staan.

## DIE ONDERTEKENING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Hierbo is aangetoon dat die Belydenis van Belhar die saak in verband met die ondertekening van die belydenisskrifte in die Ned. Geref. Kerkfamilie geaktualiseer het. Daar is gesinspeel daarop dat hierdie belydenis nie sondermeer as 'n teken van goeie gesindheid onderskrywe kan word nie. In die ondertekening van die belydenisskrifte is veel meer op die spel. Dit word immers onderteken omdat dit ooreenkom met die Woord. Dit is dus 'n gewigtige saak. Diegene wat om hierdie rede 'n probleem met die ondertekening van Belhar het, neem ten minste die saak ernstig op.

As almal hierdie oortuiging met betrekking tot die ondertekening van die belydenisskrifte toegedaan was, sou die gesag en betekenis van die belydensskrifte vir die kerk buite kyf gestaan het. Dit het egter in die afgelope tyd 'n kenmerk van die Ned. Geref. Kerk geword dat die belydenisskrifte nie eintlik hoog aangeslaan word nie. Hoewel die diskussie daaroor nog skaars begin het, hoor 'n mens allerlei verontrustende klanke van teoloë, predikante en lidmate wat krities teenoor ons gereformeerde belydenis staan. Ons sal klaarblyklik opnuut in ons dag die wesenlike vrae oor die gesag en die bindendheid van ons belydenisskrifte onder oë moet sien. Vir 'n gereformeerde kerk en die beoefening van die teologie is hierdie aangeleenthied van buitengewone belang. Die belydensskrifte en hulle ondertekening bepaal nie net die inhoud en vorm van die kerkregering nie, maar staan ook aangeteken in die prediking en die kategese van die kerk. Onverskilligheid hieroor sal dus deurwerk na die praktiese lewe van die kerk.

Die Sinode van Dordt moes die gesag en aard van die belydenisskrifte uitmaak. Hy het geoordeel dat dit "quia" onderteken moet word *omdat* die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls ooreenkom met die Skrif. Hierdie besluit is nie sonder deeglike oorweging geneem nie. Boonop is geoordeel dat die evangelie op hierdie manier gedien word en dat die bediening van die Woord nie daarsonder moet geskied nie. Die beslissing van Dordt sal ongetwyfeld die laat twintigste eeuse Ned. Geref. Kerk, waarin onsekerheid en onverskilligheid oor die belydnisskrifte en hulle gesag bestaan, aan helderheid help.

## DIE SKRIFBESKOUING EN -VERKLARING

Die gesag van die belydenisskrifte staan en val by die gesag van die Skrif. Daaroor was Dordt baie duidelik. Die Skrif, as die gesagvolle openbaring van God gaan as norm altyd voorop. Daarom is so styf vasgehou aan 'n oortuiging wat die bediening van die evangelie en die beoefening van die teologie deur 'n "sola Scriptura" uitgangspunt laat bepaal. Daarom het die Sinode op 'n vertaling van die Bybel uit die grondtale besluit. Dit moes met die grootste sorg aangepak word, omdat dit oor die Woord van die Here God en die heil van die sondaar gaan. Daar is met name daarteen gewaak om nie teologiese oortuigings en selfs kerklike standpunte op 'n subtiele of onbewustelike manier by die vertaling in te dra nie. By 'n vertaling van die Skrif kan dit so maklik gebeur en aanleiding word tot misverstand en selfs misleiding.

Om dit verder te bekamp, is besluit om die Skrif teksgewyse te verklaar in kantaantekeninge by die vertaling. Soos die vertaling, staan die verklaring in diens van die oortuiging dat die Skrif die openbaring van God is. Die Bybel is dus verstaan en verklaar in die vaste wete dat hy sy begronding in die werklikheid van die Deus Revelatus het. Hy verklaar homself, en hy pas homself toe, omdat die Here van die Woord Homself blywend met die Woord vereenselwig. Dit is immers deur die Woord en die Gees dat Hy die kerk vergader, teëkom, beskerm en regeer.

Hierdie Skrifbeskouing by Dordt het dit moontlik gemaak om die leer vas te stel, besluite te neem wat gesag gedra het omdat dit ooreengekom het met die Skrif, en daarby 'n vertaling en verklaring van die Skrif aan die gemeentes en lidmate te besorg. Hierdie vertaling en verklaring, sowel as die onderliggende Skrifbeskouing het in die gereformeerde wêreld groot invloed uitgeoefen. Ook in die Ned. Geref. Kerk. Die Skrifbeskouing van Dordt word egter vandag in 'n toenemende mate nie sondermeer in die Ned. Geref. Kerk aanvaar nie. Die wetenskaplike bestudering van die Ou en Nuwe Testamente, veral aan die hand van die histories-kritiese metode en die insigte van die moderne hermeneutiek, het die gedagte dat die Skrif sy skopus in die responsoriese credo van oud-Israel en die oer-Christendom het, by predikante laat ingang vind. Volgens laasgenoemde beskouing, gaan dit in die Bybel om die geloofstradisies, verhale en ervarings, wat as 'n terugantwoordende belydenis op skrif gestel is. Dit het met verloop van tyd gebeur en is as geloofstradisies dikwels, veral in krisissituasies, geherinterpreteer en kontekstueel van nuwe sin voorsien. Op hierdie wyse moet die Skrif dus as menslike woorde oor God, of as geloofservaring, of as teologie verstaan word, terwyl die dieperliggende boodskap in die prediking elke keer aan die ou taal, sy uitdrukkingswyse en sy kulturele milieu onfutsel moet word en weereens geherinterpreteer moet word as 'n boodskap vir vandag. Anders as by Dordt, is die vertrekpunt hier dat die Bybel allereers 'n geloofsboek is.





Die Skrifbeskouing is dus vanselfsprekend vir die bediening van die evangelie, die beoefening van die teologie, die besluitneming van die kerk, die verstaan van die gesag van die Skrif van deurslaggewende belang. In die Ned. Geref. Kerk word hierdie saak al hoe belangriker, omdat daar uiteenlopende oortuigings hieroor is. Daarom het ons geoordeel dat die vertaling en verklaring van die Skrif by Dordt, lig sou laat val op die mees fundamentele probleem in die Ned. Geref. Kerk.

## DIE SENDING VAN DIE KERK

Oor die afgelope meer as 150 jaar, het die Ned. Geref. Kerk in 'n omvattende sin betrokke geraak by die bediening van die evangelie aan ongekerstendes. Sy sendingwerk, binnelands en buitelands, het beslag gegee aan 'n familie van gereformeerde kerke wat ver buite die landsgrense hulleself gevestig het. Hierdie sendingwerk het kerkhistories ontwikkel, en staan afgeteken in opeenvolgende fases. Uiteraard was dit nie sonder probleme nie. Beslissings moes dikwels gemaak word wat deurgewerk het in die praktyk van die sendingwerk. Hierna is in die paragraaf oor die eenheid van die kerk reeds verwys.

Afgesien daarvan dat ons kerk teologies daarvan beskuldig word dat hy kerk en sending van mekaar geskei het, het die klem van sending en die versameling van kerke op die sendingvelde, gedurende die tweede helfte van die 20ste eeu al meer verskuif na samewerking en kerklike ondersteuning. Onbewustelik het die gedagte geryp dat met die strukturering van soveel inheemse kerke waarop ons sending uitgeloop het, die sendingtaak voltooi is. Daarmee het die sendingbewussyn in die kerk gaandeweg ook afgeplat. Ten spyte van 'n nuwe en teologies beredeneerde sendingbeleid, is talle lidmate verleë oor die lae prioriteit wat aan die sending van hulle kerk toegeken word. Dit word beskou as een van die vyf diensterreine. En, dit is vasgevang in die kerklike

strukture. Baie van hulle ondersteun die moderne sendingorganisasies of raak elders betrokke.

Dit dui daarop dat in die Ned. Geref. Kerk weer opnuut oor die opdrag van Christus besin moet word. Wat is die verband tussen kerk en sending? Moet dit as 'n eietydse getuienisaksie geloods word? Of, moet ons nog steeds van sending praat? Wat is die inhoud van die sending? Moet dit inskakel by ontwikkelingshulp en die staat se heropbouprogram? Moet dit in samewerking met ander kerke geskied, of moet daar weer beplan word om kerke op nuwe sendingvelde te plant? Hierdie en dergelyke vrae bring die Ned. Geref. Kerkfamilie voor keuses wat hy sal moet maak ter wille van die eer van God en die verkondiging van die evangelie aan die nasies.

Destyds was die Dordtse Sinode ook met die sending gekonfronteer. Die totstandkoming van die Nederlandse handelsgebiede in Oos- en Wes-Indië het die amptelik erkende Nederlandse gereformeerde kerk daarin meegeneem. Daarmee het die kerk vir die eerste keer in sy geskiedenis in aanraking gekom met mense wat nog nooit van die evangelie gehoor het nie. Dit was dadelik 'n vraag hoe die evangelie verkondig moes word? Moes die bekeerlinge by die bestaande Nederlandse gemeentes lidmate word, of moes hulle na taal- en kultuurverband afsonderlik, as deel van die gemeentes byeenkom? Moes daar 'n eie inheemse kerk onder die plaaslike bevolking geplant word? Hierdie vrae is na die Dordtse Sinode gebring. Antwoorde moes verskaf word. Daarin het Voetius as gereformeerde teoloog 'n besondere bydrae gemaak.

Dordt het dus standpunt oor die sending gestel, toe die kerk daaroor duidelikheid moes kry. Vir ons was dit 'n uitgemaakte saak: ons sou nie aan Dordt reg laat geskied, indien ons nie ook by die gedenkgeleentheid hom oor die sending van die kerk aan die woord kon stel nie.

## DIE KERKORDE EN KERKREG

As 'n belangrike ekklesiologiese oriëntasiepunt, is studente en predikante uiteraard bewus van die Dordtse Kerkorde. In die vak Kerkreg maak hulle hiermee kennis en word die klem dikwels geplaas op die gereformeerde beginsels vir die kerkregering wat daaraan onderlê. Dit wil natuurlik nie sê dat die Dordtse Kerkorde net so in die Ned. Geref. Kerk geld nie. Met betrekking tot sy kerkreg en kerkregering het ons kerk 'n eie ontwikkeling deurloop. Daarin is aansluiting by meer as een benadering en kerkregtelike tradisie gevind. Hierbenewens word ook met 'n bepaalde begrip van die kerk en sy reg gewerk. Daarvolgens staan die kerkreg en kerkregering in verband met die reg wat die kerk as 'n samelewingsverband het om vir sy orde eie reëls op te stel. Terwyl vasgehou word aan die belydenis dat Christus die





Hoof van die kerk is, is die bekende teologiese konstruksie dat die genade nie die natuur ophef nie die rede waarom in die kerkordelike reëlings gebruik gemaak word van die natuurreg. Daarom is die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk amptelik en gesaghebbend uiteengesit in talle bepalings en reglemente. Dit verklaar terloops ook waarom regskommissies allerlei kerkregtelike aangeleenthede as spesialiste moet hanteer.

By Dordt het 'n ander oortuiging gelewe. Daar wou die Sinode in die kerkorde wat opgestel is, die wyse waarop Christus heel prakties in die alledaagse lewe van die gemeente deur die Woord en die Gees regeer, beskrywe. Daarom is die Skrif ingeroep om die woord te spreek, eerder as die reëls van die natuurlike geregtigheid. Dit hang daarmee saam dat die kerk nie werklik as 'n bepaalde samelewingsverband gesien is nie. Daar is nie filosofies of ekklesiosentries oor die kerk gedink nie, maar Christologies. Dit het die uitgangspunt geword toe die kerkorde op skrif gestel is. Daarmee is dit in ooreenstemming met die Skrif en die belydenis gebring. Sou die kerkorde uit die midde van die gemeente weggeneem word, sou die bediening van die Woord daarin skade lei. Die kerkorde was immers 'n stuk Woordbediening, sober en eenvoudig opgestel.

In die Ned. Geref. Kerk word sy kerkorde nie geassosieer met die bediening van die Woord en die kerk nie. Dit is eerder die toepassingsgebied van die Praktiese Teologie of Diakoniologie in samewerking met die Kommissie vir Gemeentebediening, wat sinodaal, ringsgewys en gemeentelik saamgestel word. Hierteenoor bemoei die regskommissie hom met sake van kerkregtelike aard - prosedures by kerklike tughandelinge, die status van bedienaars van die Woord, die toelating tot die bediening, en dergelyke dinge. Hiermee is die bediening van die kerk en die kerkorde van mekaar losgemaak. Dinge wat prinsipieel bymekaar hoort, is uitmekaar gehaal. Gemeentebediening wikkel hom los van die Kerkorde, terwyl die Kerkorde nie in die eerste plek meer in verband met die praktiese lewe van die kerk gebring word nie.

Hierdie toedrag van sake moet toegeskrywe word aan vertrekpunte wat verskil van diè van Dordt. Om Dordt weer 'n keer aan te hoor, is besonder belangrik, aangesien die Ned. Geref. Kerk besluit het dat die voorgenome eenwording met die kerke uit sy familie, in terme van 'n gemeenskaplike kerkorde na vore moet kom. Hoe gaan hierdie kerkorde lyk? Kerkregtelik, of as 'n verwoording van die regering van Christus?

## SAMEVATTING

In die lig van die uiteensetting hierbo, behoort dit duidelik te wees waarom ons by hierdie gedenkgeleentheid nie weer tyd ingeruim het om die oorsake en verloop van die Dordtse Sinode te vertel nie. Ons wou die aksent elders

laat val, sonder om daarmee die historiese konteks buite rekening te laat. Elke referent moes homself deeglik hiervan vergewis. Daarby was ons bedoeling om dit betreklik eenvoudig te hou. Ons wou die herdenking van Dortdt nie in moeilike teologiese denkstrukture giet nie, maar dit só deurpraat dat ook lidmate ons gedagtes gemaklik sou kon volg.

Uiteraard wil ons daarmee ons kerk help aan verantwoording help, sodat hy beter kerk van Christus kan wees in 'n situasie wat vir hom vreemd geword het. Op hierdie manier is die bundeling van die vyf referate 'n poging om in die herdenking van Dordt, die hart van die toentertydse sinode weer in ons eie tyd te beklemtoon.





# DIE SINODE VAN DORDRECHT EN DIE EENHEID VAN DIE KERK

PROF. E. BROWN[1]

Om die bewering dat die Sinode van Dordrecht nie die eenheid van die kerk bevorder het nie te toets, moet uitgemaak word waarom dit vir die vergadering gegaan het en hoe oor die kerk en eenheid gedink word. Die sinode het konfessioneel en kontekstueel verantwoording gaan doen oor God en Sy wil. Sodoende is met die eenheid van die kerk in terme van sy Skriftuurlike enigheid en kerklike onenigheid omgegaan.

Eenstemmigheid in 'n gereformeerde sin is nie in die openbare kerk van Nederland en die Calvinisme bereik nie. Die vraag is of dit gewyt moet word aan die standpuntstelling van hierdie invloedryke vergadering of aan die beeld wat geskep is deur en van Dordtgesindes. Het Dordt die reformatoriese spoor (verder) byster geraak? en Calviniste (verder) gaan verdeel? Of is die motief misverstaan? en van die probleem wat besleg moes word 'n groter probleem gemaak? Die *Canones* het die ontwikkeling en skoolse verwerking waarin Calvyn op sleeptou geneem is nie gestuit nie, en 'n konfessionele teologie het in die slag gebly.

Dordt het aan die lig gebring dat Calviniste met mekaar verskil oor die verstaan van die Skrif en probleme wat hulleself aangewys het. Opvallend is die feit dat hierdie Belydenisskrif nog steeds appél aanteken by hulle wat weier om die God van die Skrif te objektiveer of te subjektiveer.

## 1. NEDERLAND EN DIE PROBLEEM VAN DIE UITVERKIESING

(i) Die *openbare kerk van Nederland* moes homself nog vestig en op sy bene kom,[2] toe Beza by Calvyn oorgeneem het en die uitverkiesing gesistematiseer is. Daar moes uitgemaak word wat die Skrif en belydenis leer oor God en wat Hy wil. 'n Stryd is ontketen wat onomwonde daarop dui dat daar 'n gebrek aan instemming was oor die *geloofsleer* en betekenis van die *belydenis*. Dit was duidelik dat daar 'n meerderheidsiening was, sowel as ander opvattings wat gestel is. Later getuig die historiografie nog van die onderskeie vertolkings wat in gereformeerd Nederland opgeneem is en voortleef.

Vanaf 1576 is die ondertekening van die gereformeerde belydenis nie meer van studente aan die Akademie van Genéve verwag nie. In Nederland sou dit nie gebeur nie, juis omdat konfessionele eenheid ook 'n probleem geword het. Op die provinsiale Sinode van Suid-Holland in 1578 is 'n ernstige debat gevoer oor die ondertekening van die belydenis om daardeur die suiwerheid van die leer te bevestig. Dit is aan die klassisse opgedra om met 'n